# HEILIGMAKING (3)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

*U word aangeraai om die voorafgaande lesing(s) te bestudeer om by hierdie gedeelte aan te sluit.*

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VIR OORDENKING: ROMEINE 12:9 - 21**

**Rom 12:9 Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan;**
**Rom 12:10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;**
**Rom 12:11 wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;**
**Rom 12:12 verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.**
**Rom 12:13 Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid;**
**Rom 12:14 seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;**
**Rom 12:15 wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween;**
**Rom 12:16 wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie;**
**Rom 12:17 vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;**
**Rom 12:18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.**
**Rom 12:19 Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.**
**Rom 12:20 As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.**
**Rom 12:21 Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.**

**-o0o-**

Ons lees uit Romeine 12 vanaf vers 9. Ek het in my Bybel geskryf "Heiligmaking". Die Bybel sê vir ons, in die boek Hebreërs, dat niemand die Here sonder heiligmaking sal sien nie.

**Heb 12:14** Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

Soos wat ons gelees het in Kolossense 3, het God hierdie groep mense daargestel om Sy **Lig** op aarde te wees. Hulle sal deur God gebruik word hier op aarde, deur die diens wat hulle lewer. As ons deel wil wees van hierdie groep mense, moet ons getransformeer word.

- Die Heilige Gees wil ons, in die eerste plek, transformeer na 'n persoonlikheid wat God oorspronklik oor ons gedroom het.
- Hy wil Sy Lig deur ons laat skyn, sodat die ander mense wat in die donker wêreld is, die Lig in ons kan sien.
  - Die ander mense moet Christus in ons lewe kan sien.
  - Sodoende kan Christus Homself openbaar deur Sy liggaam.

--o0o-

Daardie Lig hou op hierdie stadium die Antichris teë. Daardie gees van die seun van die verderf is reeds op hierdie aarde, sê die Bybel. Hy is nou besig om voorbereidings te doen vir die openbaarmaking van die Antichris.

### 1. BEGIN VERANDER

As jy deel is van daardie Lig, kyk mooi na die transformasie proses.

**Rom 12: 9 Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan;**
**Rom 12: 10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;**

Nie vertrapping nie!

### 2. DIENSBAAR

**Rom 12:11 wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;**

As ons mekaar dien, dien ons eintlik die Here. Ons moet nooit daardie gedeelte vergeet, waar Hy vir ons sê, dat as ons aan die geringste van Sy huis ‘n beker water gee, dan gee ons dit aan Hom. As jy ‘n belofte aan jou broer gemaak het, dan maak jy dit eintlik aan die Here. Daar is ‘n hele lering hieroor gelewer.

**Rom 12: 12 verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.**

### 3. OMGEE – NAASTELIEFDE

Kyk baie mooi na die volgende vers.

**Rom 12: 13 Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid;**

Ek is baie jammer, maar ek gee nie vir enige Jan Rap en sy maat op straat nie. Ek het my les geleer, maar as my broeder en suster tekort het, dan moet ek daar hand uit steek. Die Bybel sê vir ons dat as die een lid lei, dan lei die hele liggaam.

**Rom 12: 14 seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;**
**Rom 12: 15 wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween;**
**Rom 12: 16 wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie;**
**Rom 12: 17 vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;**
**Rom 12: 18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.**

Die Here het geweet dat ons nie met almal in vrede sal kan leef nie. Daar is ‘n groot verskil tussen skeiding neem, soos wat Paulus en Barnabas geneem het, of om te haat. Hulle kon nie saam gewerk het nie en toe het hulle van mekaar geskei, ter wille van die evangelie. (Hand 15). Dit was God se plan. Hulle persoonlikhede het van mekaar verskil en daarom het hulle geskei. Die Here sê nie hulle het mekaar gehaat nie, so ons moet ook nie mekaar haat nie. As ons nie in vrede met mekaar kan lewe nie, dan kan ons net nie saam lewe nie - die Bybel is baie duidelik daaromtrent. Die Here het jou miskien nodig op ‘n heel ander plek as wat Hy my nodig het. Dit is waarom ons persoonlikhede verskil. Jy hou van pienk en ek hou van groen. Jy gaan na die mense toe wat hou van pienk en ek gaan na die ouens wat hou van groen. Dit beteken nie dat ons mekaar haat nie. Dit is net dat ons nie in vrede met mekaar saam kan lewe nie, want ons persoonlikhede verskil.

- Dit gaan nie oor ons nie, dit gaan alles oor Christus, so *leef in vrede met alle mense* in die liefde van die Here wat tussen ons is.

--o0o-

**Rom 12: 19 Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.**
**Rom 12: 20 As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.**
**Rom 12: 21 Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.**

### 4. WEES 'N LIGDRAER

Ons het in 2 Thess. 2 gelees oor hierdie groep mense, wat op hierdie stadium funksioneer.

- Hierdie groep mense funksioneer, deurdat hulle heilig gemaak word deur die Heilige Gees.
- Christus kan Homself daardeur openbaar aan die wêreld.
  - Daardie liefde, lig, diensbaarheid en roeping wat Christus in ons geplaas het, onderdruk op hierdie stadium die donker wêreld.

Dit is vir my so baie jammer dat ons altyd bid, maar dat ons dit eintlik verkeerd doen. Mense vra so baie dat ons moet bid, byvoorbeeld, vir Suid-Afrika of vir wat ook al gebeur het. Nee mense, die Bybel sê nie dat ons die hele dag net moet bid nie. In al daardie gedeeltes wat ek vir julle gegee het, sê die Bybel dat dit ons taak is om die liefde van die Here uit te lewe.

- As ons die liefde van die Here uit lewe, kan Christus deur ons geopenbaar word vir die wêreld daar buitekant.
- As ons doen wat die Bybel sê in Kolossense 3 en wat ons nou gesien het in Romeine, sal die werke van die duisternis outomaties onderdruk word deur die werke van die Lig.

Kan julle nou sien dat ons eintlik op 'n heel verkeerde pad is? Dink net 'n bietjie hoe dit sal wees as al die kinders van die Here vandag besluit om net te begin doen. Ons moet op hou om te kla en murmureer, soos die volk Israel, oor goed soos die aardse verdrukking en al hierdie moeilikhede. Al wat ons kan doen is net kla en die Here moet net help. Nee mense, die Here het vir ons 'n volmaakte, perfekte evangelie gegee.

- Hy is die Alfa en die Omega.
- Hy is die Lig in die wêreld.
- Sy lig skyn in ons en daarmee moet ons iets doen.

Ons moet opstaan uit ons stoele van gemak en begin om iets te doen. Die Bybel sê vir ons, in 2 Thess. 2, dat as ons iets begin doen, sal ons, die lig, outomaties die duisternis verdryf.

- As ons begin om iets te doen, sal die Lig hom in sy plek hou, sodat hy nie kan opstaan en funksioneer nie.

Weet julle hoekom gaan dit soos wat dit gaan in die wêreld daar buitekant? Dit is omdat ons verwag dat die Here alles moet doen. Nee die Here het reeds alles gedoen. Dit is nou ons taak om dit verder te vat.

### 5. BOU AAN JOU TEMPEL

Hy is die Hoeksteen. Hy het dit kom lê. Hy het vir ons daardie perfekte evangelie op die profetiese en die apostoliese gelê. Hy is die Hoeksteen wat die vors verwerp het.

- Hy het vir ons die waterpas (level) gegee.
- Hy het vir ons die vierkant (square) gegee.
- Hy was die perfekte hoeksteen.

--o0o-

Nou sê Hy dit julle kans is om deur die Heilige Gees gebruik te word. In die eerste plek, is dit julle kans om getransformeer en gekap te word tot 'n perfekte vorm. Die Heilige Gees sal julle dan in die perfekte plek plaas in hierdie lyn, wat vierkantig (square) en gelyk (level) is.

- Die Heilige Gees sal jou perfek in Sy wil plaas, sodat jy die derde tempel kan wees waarin Hy verewig sal woon.
    - Daardie derde tempel is hulle, wie God voor die grondlegging van die wêreld liefgehad het.
    - Die derde tempel is hulle wat in die boek van die lewe van die Lam ingeskryf is.
    - Hulle is Sy Bruid en Sy liggaam, wat op hierdie aarde nou moet funksioneer.

Hulle is nie hier om net die heeldag te bid en die Here moet alles doen nie. Hulle is hier om te doen. Daar is 'n verskil tussen heeldag te bid en heeldag te doen. Ons verhouding met die Heilige Gees moet versterk word. Ons moet toelaat dat Hy ons transformeer, sodat Hy ons kan begin gebruik daar buitekant.

### 6. WORD PROAKTIEF

As ons begin opstaan, kinders van die Here, kan ek vir julle sê, gaan daar 'n verskil in hierdie wêreld kom. Julle gaan tien keer minder bid, maar julle gaan tien keer meer produktief wees.

- Die Heilige Gees gaan vir julle begin lei, sodat die Gees van God, die Lig, uit hierdie wêreld uit gaan en begin funksioneer.
- Die Lig gaan die duisternis begin teëhou, soos geskrywe in 2 Thessalonicense 2.

Ons kan nie heeldag saam met die wêreld sit, kla en bekommer oor doodgaan en allerhande dinge nie.

- Ons moet begin om 'n instrument in Sy hand te wees.
- God se Gees kan Hom, Christus, die Woord, die lig van die wêreld, deur julle openbaar aan die wêreld daarbuite.

Die wêreld sal dan sien dat daar hoop is. Deurdat ons goed doen aan almal, sê die Bybel vir ons, sal ons *op sy hoof vurige kole ophoop*.

**Rom 12: 21 Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.**

Hy sê nie ons moet heeldag bid en vas nie. Ons moet begin om aksie te neem en om produktief te wees.

Ek sluit hierdie leringe af in die naam van die Here. Mag julle daardeur gebou word en mag dit julle oë oop maak.

Mag die Here met julle wees.
Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees van God in die gemeente sê.
Maranata die Here kom weer.

Mooi dag.

-o0o-

**Definisie**

**Proaktief** - (van iemand, beleid of optrede) om 'n situasie te skep of te beheer deur iets te laat plaasvind eerder as om daarop te reageer nadat dit gebeur het.

--o0o-